CONQUESTA
is 'n lid van
ASTEMI
SCIENCE TECHNOLOGY ENGINEERING MATHEMATICS INNOVATION
OLYMPIADS & COMPETITIONS

031 764 1972 (Suid-Afrika)
www.conquestaolympiads.com
conquest@iafrica.com

CONQUESTA 2020

Gryp die uitdaging!

Skeppende Kunste *(LV 2)* – Graad 6

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood *(sien voorbeeld 1 hieronder)*. Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(sien voorbeeld 2 hieronder)*.

Voorbeeld 1:-

4.	a	b		d

Voorbeeld 2:-

4.	a			d

Vokale oefeninge

Kyk na die uittreksel regs. Gebruik die 6V's en kies die korrekte antwoord uit (a) – (d), wat jou stem sal verbeter as jy die oefeninge in vrae 1 – 4 doen.

1. **Begin hierdie oefening saggies en vermeerder jou volume terwyl jy die volgende reël herhaal: *"Haai jy, daar bo! Kom aaaaf."***
(a) Vloeiend. (b) Vry. (c) Vol. (d) Vas.

2. **Sit met jou bene gekruis en 'n regop rug. Sê die maande van die jaar stadig in een asemteug. *Jou stem sal ..... raak.***
(a) vry (b) vas (c) soepel (d) vorentoe

3. **Lê op jou rug en maak jou oë toe. Isoleer die spiere in jou liggaam deur hulle te verstyf en te verslap. Begin by jou voete en eindig met jou gesigspiere. *Jou liggaam sal ..... wees.***
(a) soepel (b) vloeiend (c) vorentoe (d) vry

4. **Versterk jou diafragma deur die klanke – *'S, F'* – soveel keer as wat jy kan, te sê.**
Jou stem sal genoeg lug hê om ..... te wees.
(a) vloeiend (b) vorentoe (c) vry (d) soepel

5. **Watter van hierdie oefeninge sal jou artikulasie verbeter vir groter duidelikheid van spraak? *Die herhaling van ....***
(a) mam-mom-mem. (b) bibberty, babberty, bo-berty
(c) sjuut! (d) mammmmm.

Akteurs het twee waardevolle werktuie – hul liggame en hul stemme. Albei moet soepel wees en albei behoort deur ontspanning op die verhoog te werk, nie deur spanning nie. Albei moet fisies geoefen word. Swem is 'n goeie oefening vir die liggaam, maar kan ook die stem help deur asemhaling te ontwikkel. Vokale oefeninge sal help dat jou stem vry, verbuigbaar, voorwaarts, vas, vloeiend en vol is.

Ons noem hierdie die *'6 V's'*:

- **Vry** – van spanning.
- **Verbuigbaar of soepel** – om op 'n diep, medium of hoë toonhoogte te praat om betekenis uit te druk.
- **Voorente** – die klank moet na die voorkant van die mond gestoot word vir duidelike projeksie.
- ***Vas (Ferm)*** – om genoeg lug te hê sodat jou stem nie bewerig of aarselend klink nie.
- **Vloeiend** – sinne moet nie aan die einde vervaag as gevolg van swak asembeheer, en gevolglik onhoorbaar raak nie.
- **Vol** – die stem moet nie dun en plat klink nie, maar gerond en *'gekleur'* met goeie resonansie wat diep, warm tone verskaf. Resonansie word die versterkings-/projeksiekrag van die stem genoem.



'n Akteur moet ook 'n soepel liggaam hê, veral as jy fisiese teater, verbale dinamika, beweging of dans doen. Jy moet jou liggaam opwarm om die fisiese effekte te skep wat jy wil behaal. As jou liggaam warm is, sal jy beserings voorkom.

Soepelheid

Kyk na die soepelheidsoefeninge in die diagram links vir vrae 6 + 7.

6. **Watter is die ooglopendste oefening wat jy sal doen om die soepelheid in jou knieë te verbeter?**
(a) Bolyf lig. (b) Armrotasies.
(c) Kniebuigings. (d) Tone raak.

7. ***Watter is die ooglopendste oefening* wat jy sal doen om die soepelheid van jou rug te verbeter?**
(a) Bobeen *(agter)* strekke. (b) Kuit strekke.
(c) Bobeen *(voor)* strekke. (d) Wydsbeen strekke.

Die vyf sintuie

Lees die uittreksel regs en kyk na die diagram vir vrae 8 + 9.

8. **Jy is in 'n woud en neem die omgewing om jou waar. Deur gebruik te maak van jou vyf sintuie, wat sou jy in jou sintuiglike bewustheidsnotaboek skryf?**
(a) Ek het die klam grond na die reën geruik.
(b) Ek kon *niks* ruik *nie*, want my neus was toe.
(c) My ore het gepyn van die stilte.
(d) Ek het *niks* geproe *nie*, want ek het *nie* kos gevind *nie*.

9. **Jy sit gedurende pouse stil onder 'n boom by die skool. Wat is die mees onmiddellike geraas wat jy sal hoor?**
(a) Die drukmasjien. (b) 'n Telefoon wat lui.
(c) Kinders wat lag en gesels. (d) Veraf verkeer.

'n Akteur/aktrise moet sy/haar sintuie opskerp om die lewe op 'n dieper vlak waar te neem en te ervaar. As jou sintuie goed ontwikkel is, kan jy waarneem, inneem en nadink oor die ervarings om jou.

Wanneer jy 'n karakter vertolk, kan jy uit hierdie inligting put om die karakter se motiverings te vertolk.

Voorbeeld

Vertolking van 'n volksverhaal

Lees die volksverhaal regs vir vrae 10 – 29.

Die Graad 6-leerders gaan die Nigeriese volksverhaal van die Yorubastam, *'Obatala skep die Aarde'*, vertolk om die storie vir 'n kort dramavertoning te dramatiseer.

10. Waar sou jy Nigerië plaas, getoon op die kaart regs?

(a) Noord-Afrika.
(b) Suid-Afrika.
(c) Oos-Afrika.
(d) Wes-Afrika.

11. Wat is 'n volksverhaal?

(a) 'n Storie met sy oorsprong in 'n spesifieke gebied.
(b) 'n Verhaal wat aan 'n spesifieke gemeenskap/stam behoort.
(c) Volksverhale gee mense 'n sin dat hulle iewers behoort.
(d) Al die stellings is waar.

12. Jou postuur dui op jou agtergrond en klas. Wat sou Olorun se postuur wees?

(a) Hang luiweg. (b) Waardig en regop.
(c) Vorentoe gebuk. (d) Leun van kant na kant.

13. Omdat Olorun die koning is, watter vokale eienskap sal hy gebruik om te praat?

(a) Resonante. (b) Hoë toonhoogte.
(c) Vinnige pas. (d) Sagte volume.

14. Watter karaktereienskap beskryf Obata... di... beste wanneer hy die koning nade... om toestemming te vra om die Aa...de te ske...?

(a) Onbestendig. (b) Lafhar...g.
(c) Innoverend. (d) S...kke...g.

15. Wat is Obatala se houding teenoor Olorun?

(a) Arrogant. (b) Respekvol.
(c) Geregtig. (d) Geïrriteerd.

16. Toe die gode en godinne hul goud vir Obatala gegee het, het hul ..... aan hom verleen.

(a) ongeskiktheid (b) afkeer
(c) negatiwiteit (d) ondersteuning

17. Wanneer die goudsmid maak asof hy op die verhoog die gesmelte goud in 'n ketting fatsoeneer, watter dramatiese tegniek sou hy gebruik?

(a) Mimiek. (b) Improvisasie.
(c) Fisiese teater. (d) Storie vertel.

Obatala skep die Aarde

Verteller: Voor die Aarde gemaak is, het die gode in die hemelruim gewoon onder die heerskappy van hul koning, Olorun. Onder die hemelruim was slegs water en swart dwarrelende mis. Obatala was 'n innoveerder en het by Olorun toestemming verkry om land daar te skep.

Olorun: Obatala, ek stel voor jy gaan na Orunmila, die godin wat die toekoms kan voorspel deur palmneute op 'n skinkbord te gooi en die patroon wat hulle maak te bestudeer, om jou te sê wat jy vir hierdie projek gaan benodig.

Obatala: Dankie, my koning. Ek sal 'n besoek aan haar bring. Ek is vasberade om hierdie reis te onderneem.

Orunmila: Wel, Obatala, jy gaan 'n goue ketting benodig om tot by die waters daaronder te reik, sowel as 'n slakskulp vol sand, 'n hen, 'n palmneut en 'n kat.

Verteller: Du... het O...atala ... die goudsmid gega..., n...ar hy ...et te min goud gehad vir die ...ng ke...ing wat hy benodig het. Wan...opig het Obatala al die gode en godinne in die he...elruim gevra om hule goue juweliersware te skenk ...n ge...melt te word.

Toe die ketting gemaak is, het Obatala dit aan die rand van die lug vasgemaak met 'n goue haak en die ander punt het in die duisternis afgehang. Orunmila het die ander voorwerpe gebring wat Obatala sou benodig en hy het begin om met die ketting af te klim.
Die swart mis het Obatala omring en hy was bevrees, maar hy het tog aanhou afklim tot hy die einde van die ketting bereik het. Skielik het hy die stem van Orunmila gehoor.

Orunmila: Gooi die sand! [Hy het die sand gegooi.] Nou die hen! [Hy het die hen laat val wat afgefladder het en sy het die sand oor die water geskrop om berge en valleie te vorm.]

Verteller: Obatala het sy greep op die ketting verslap en veilig met die kat op droë grond geland. Hy het die palmneut geplant en 'n klomp palmbome het opgekom. Hy het 'n hut gebou en saam met die kat daarin gewoon.

Olorun: Ek wonder hoe vaar Obatala met sy skepping van die aarde? Boodskapper, daal af en kyk hoe Obatala vaar.

Obatala: Boodskapper, vra asseblief vir Olorun vir hitte en lig want die aarde is donker en koud.

Voorbeeld

Jy is in 'n groep van ses leerders. Jou groeplede moet 'n ketting bou deur hul liggame te gebruik.

18. Met <u>kreatiwiteit en veiligheid</u> in gedagte, hoe sal julle wys hoe Obatala teen die ketting afgeklim het?

(a) In 'n staande posisie, haak jul arms inmekaar en met bene uitgesprei, raak aan mekaar se voete. Obatala loop dan voor die groep en raak aan die ingehaakte arms van die een kant na die ander kant van die *'ketting'*.

(b) Vyf lede staan op 'n piramide van houers en konnekteer met mekaar terwyl Obatala vanaf die boonste houer agteruit tree terwyl hy aan die vyf lede vashou, en vanaf die onderste houer op die vloer afspring.

(c) Lê in 'n reguit lyn, kop aan toon, terwyl Obatala agteruit van kant tot kant oor die lyn tree en elke lid aanraak terwyl hy oor hulle beweeg.

(d) Plaas die vyf lede op 'n leer, almal gekonnekteer, terwyl Obatala afklim, oor die liggame, en afspring om op die vloer te land.